



Bron
nr.
0 1 9 1

Datum
9 10 3 22 08 1

Onderwerp
nr.
J.

Knipsel
nr.
2087

Rapport

Jg. 28 Nr. 18 P. 3 Dat. 24 MAR 1992

Stram fiskale beleid baan weg vir laer koerse

Deur ADRI SENEKAL

'N PRIMA uitleenkoers van digby 10%, dit is 9% laer as die huidige 19%, is binne die volgende drie tot vier jaar haalbaar, sê ekonome en sake-lui waarmee Sake-Rapport dié naweek gepraat het.

"Koerse kan vanjaar nog met soveel as twee persentasiepunte daal," sê mnre. Dave Mohr, ekonoom van Ou Mutual, en Louis Fourie, ekonoom van Citadel.

Een vereiste is egter dat die Regering hom tot 'n inflasie-teiken van 4% of 5% moet verbind, aangesien inflasieverwagtinge by Jan en alleman nog hoog is.

Hoewel die inflasiekoers in Januarie vanjaar op 'n jaarkoers van 5.9% te staan gekom het, dring werkers nog op loonverhogings van 10% en hoër aan, sê Mohr. Sou die Regering egter 'n inflasiemikpunt van 4% stel en dit behaal, sal loongeskillte met veral vakbonde baie makliker opgelos kan word, aangesien werkers dan sal voel

hulle is op die wenpad met 'n loonverhoging van 7%, sê hy.

Daar is baie redes waarom die ekonome meen koerse kan dramaties oor die volgende paar jaar daal. Ten eerste is dit duidelik dat die Regering drastiese stappe, waarvan sommige die wenkbroue laat lig, doen om staatskuld te verlaag. 'n Voorbeeld hiervan kom uit vanjaar se Begroting waarin daar besluit is om die belasting op aftreefondse van 17% tot 25% te verhoog, en so 'n bykomende inkomste van R1,2 miljard te genereer. Hierdie geld word vir sosiale opheffing aangewend – geld wat andersins uit die staatskas sou kom.

Voorts is daar opdrag aan die Strategiese Oliefonds (SOF) gegee om van Suid-Afrika

TREFWOORDE

1. Ekonomie
2. Old Mutual
3. Alreus
4. Monetêre/fiskale beleid
5. dalings
6. Renske
7. dalings
8. Alreus
9. Stateklike
10. Chagomane

INSTITUUT VIR EIETDSE GESKIEDENIS

Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat



Bron
nr
0 1 9 1


Datum
9.10.2008

Onderwerp
nr.
P 1 1

Knipfel
26876

Rapport

Jg. 28 Nr. 12 P. 3 Dat. 22 MAR 1998



Mnr. Dave Mohr, ekonoom van Ou Mutual.



se oliereserwes te verkoop, en is daar in die Begroting vir 'n inkomste van sowat R1,2 miljard hieruit voorsiening gemaak. Dié geld sal reeds vir die aflossing van staatskuld aangewend word. Daar is ook besluit dat die Regering vanjaar sowat 80%, of R8

miljard, van die oorskotbates van die Suid-Afrikaanse Spesiale Risiko Assosiasie (Sasria) vir die afbetaling van staatskuld gaan aanwend.

Nog 'n teken dat die Regering doelgerig is om staatsbesteding te bekamp, is die versoek dat die kapitaalverhouding wat banke

moet handhaaf wanneer hul geld aan die provinsies leen van 0,8% tot 8% moet verhoog. Die Registrateur van Banke ondersoek tans die moontlikheid wat, as dit deurgevoer sou word, beslis 'n stokkie voor provinsiale oorbesteding sal steek.

Die Regering waarborg ook nie meer die lenings van plaaslike owerhede nie, wat beteken dat hierdie lenings baie meer riskant is as in die verlede, en tot gevolg sal hê dat finansiers versigtig met hul lenings aan statutêre instellings sal wees.

Die verlaging in die begrotingtekort van meer as 9% tot net sowat 4% in 'n tydperk van vier jaar, te midde van sosiale verpligtinge, is 'n bewys dat die Regering werklik verbind is tot fiskale dissipline, verduidelik Mohr.

Die President van die Reserwebank, dr. Chris Stals, het al male sonder tal gewaarsku dat hy rentekoerse hoog sal hou solank daar nie fiskale dissipline is nie. Ekonomie wys nou daarop dat dié argument van Stals nie meer water hou nie, en dat

rentekoerse sal begin daal.

Laer rentekoerse is nie net goeie nuus vir die verbruiker nie, maar ook vir beleggers. Fourie wys daarop dat Suid-Afrikaanse

maatskappye nie, soos verbruikers, "oorleë" is nie, en dat laer finansieringskoste hoër maatskappywinste en stygende aandelepryse in die hand sal werk.

TREFWOORDE

- 1
- 2
- 3
- 4
- 5
- 6
- 7
- 8
- 9
- 10